

Ninotendu Jesu (Dankie Jesus...)

Die liedjie maal in ons koppe vanoggend: "Ninotendu Jesu, Dankie Jesus, Thank you Jesus..." Saterdag het ek en Elsabé dit saam met die 75 jarige oompie Gideon en Jason gesing in drie tale... Dit maal in ons koppe, want dis regtig so: Dankie Jesus!

Ons vierde uitreik het begin met getuïenisse oor wat gebeur het sedert ons daar was. Hulle vertel dat in hulle kultuur vrouens gewoonlik die nederige posisie moet inneem, maar dat dit besig is om te verander. Gesinsverhoudings verander en vrouens is leiers van Bybelstudiegroepie. Waar die stamme en kerkgroepe nooit gedeel het nie, doen hulle nou saam Bybelstudie, help mekaar en ondersteun mekaar by begrafnisse. Dankie Jesus...



Tagtig mense het opgedaag. Pastoor Joshua maak verskoning dat dit so min is. Hy sê daar is mense wat graag wou kom, maar met die ekonomie kon hulle nie die vervoer bekostig nie. Ek stel hom gerus dat in Suid Afrika ek die Here sou dank as 8 mense kans gesien het om hulle hele Vrydag, Saterdag en Sondag af te staan – hy frons diep. Daar is net een kar, die res het aangestap gekom. Dankie Jesus...

Vers vir vers het ons deur Johannes 1 tot 8 gewerk. Twaalf ure se sessies – die hele Vrydag en die hele Saterdag.

Johannes 1: In die begin was die Woord... Wat 'n wonderlike hoofstuk om die evangelie in 'n neutedop te verduidelik. Die Woord? Ons kon weer 200 Bybels saamvat en twee bokse vol boeke om 'n klein biblioteek mee te begin. Die Engelse en Shona boekie oor Johannes 1-8 was hierdie keer genoeg – dankie Elizna, vir dae se druk en bind. Dankie vir vriende se ruim donasies. Saam roep ons uit: Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! Dankie Jesus...

Johannes 2: Jesus reinig die tempel en leer ons dat ons ook tempels is van die Heilige Gees. En ek dank die Here dat wat ek by hierdie kerk sien so anders is as wat ek in die meeste kerke in Suid Afrika sien. Ses uur in die oggend kniel ons op die grond in die kerk vir morning devotion. Vannag na al die aktiwiteite sal die mense wat kilometers ver geloop het vir die opleiding net daar op die kerk se vloer slaap. Hier sou Jesus nie die tafels omkeer nie...

Johannes 3: Wedergeboorte. Ek sukkel met die sessie. Ek kyk alweer te veel na my notas. Laat my analitiese brein oorneem om mooi in my beplande tydboksie in te pas en ek kan net aanvoel hoe ek die geleentheid mis om een van die wonderlikste hoofstukke in die Bybel sy regte plek te laat inneem... My wonderlike vrou praat met my na die sessie: Praat rustiger, praat uit jou hart uit... In die breek gaan bid ek onder 'n boom: Asseblief Here, gee my nog 'n kans. Moenie dat die mense wat nog nie wedergebore is nie, nou loop nie. Ek sal terugstaan dat U kan praat. U het die wêreld so liefgehad dat U U enigste Seun gegee het! Laat hulle asseblief terugkom...

Johannes 4: Die vrou by die put. Daar is nie water by die kerk nie. Vrouens moet 25 liter dromme water teen die bult opdra van die put daaronder. Ons doen die hoofstuk met ontdekkings Bybelstudie. Die hoofstuk praat direk met hulle. Die terugvoer oor wat God





doen, wat Jesus doen en hoe hulle met die vrou assosieer verstom my. Een vrou vertel hoe sy nie in die aande kan gaan slaap voor sy nie die lewende water gedrink het nie. Dankie Jesus...

'n Groot groep jeug het opgedaag. Terwyl die ouer mense ontdekkings Bybelstudie doen, werk Marno deur die GKSA se jeugdeputate se uitreik brosjure. Dit ontlok baie vrae. Dankie Jesus...

Johannes 5, dag 2: Dankie Jesus: U het my gebed verhoor. Die mense is terug en daar het nog 'n klomp bygekom! Kort-kort kom ek agter ek is al 'n bladsy of wat voor my notas. Dis nie meer ek wat praat nie... Die oë blink, ek kan sien mense luister. Hulle lag vir my gebroke Shona. 'n Diep vreugde vul my. Jesus genees die kreupel man op die Sabbat, maar gaan soek hom op vir ewige genesing. Johannes verduidelik in hoofstuk 20:30 hoekom hy die wonders vertel: dat mense kan sien Jesus is die Seun van God, en deur te sien sal glo en die lewe sal hê. Die hoofstuk vertel ons dat as ons dit glo, die magtige stem van Jesus ons uit die dood sal roep... Dankie Jesus!

Ons deel die tweedehandse briljetjies uit wat mense by ons kerk nie meer nut voor gehad het nie uit. Tom roep uit: Ek kan weer lees! Ek kry trane in my oë. Geen bekommernis of die briljetjie lekker om die ore sit, of dit sy gesig komplimenteer of sy neus bietjie druk nie. Ek loop uit om my trane weg te steek want die ry vir briljetjies is 30 lank en daar is net briljetjies vir omtrent die helfte... Elsabé en Suné glip uit om die medisyne skenking vir suster Government te gaan gee by die kliniek. Medisyne is onbekombaar...



Johannes 6: Jesus vermeerder die brood. Die ekonomie in Zimbabwe is sigbaar slegter as laas. Die toue by een of twee garages vir petrol is langer. Een of twee waar daar laas nog toue was is toe. By die vorige byeenkomste het ons brood in die oggend gekry. Die aflewering van brood na die village toe is nie meer doenbaar nie. Daar is nie brood te koop nie. Daar is nie geld nie. Gewoonlik vat ons niks saam nie. Ons probeer die beginsel deurgee dat ons net die Woord en Bybels bring en hulle vir die naweek sorg met wat hulle het. Die vorige keer het ons gesien dat die goed wat gekoop moet word wel 'n groot probleem is. Hulle bring met ope harte meel van hulle eie mielies, hoenders of selfs 'n bok, maar dis al wat ons eet: Pap en 'n klein stukkie vleis. Sous vir die pap, tee en suiker is luukses wat hulle nie kan bekostig nie. Die vorige keer het hulle die hoender gebraai in olie. Hierdie keer het ons net kook hoender gekry. Olie is te duur. Hierdie keer het ons wel 'n groot sak rys, tee en suiker saamgevat. Die Here het geweet, want sonder die brood was dit elke oggend se ontbyt – rys, sonder sous of enige iets anders by. En tee so soet soos kondensmelk want suiker het hulle lanklaas gehad... Minstens drie keer het pastor Joshua my bedank vir die boodskap vir die hemelse brood. 'n Boodskap van hoop so presies vir hulle opgeskryf in die Woord. Dankie Jesus...

Die bok wat die oggend geslag is om die baie mense kos te gee is nog nie gaar nie. Dit gee 'n tydjie vir iets anders. Ons kyk na die drie verse in Joh 14, 15 en 16 oor gebed: As julle iets in My Naam vra sal julle dit kry. Ons leer dat gebed na God se wil en vir vrugte moet wees. Sulke gebede word verhoor en vul ons met vreugde.

Hoofstuk 7: Riviere van lewende water. Die oggend met morning devotion het hulle hard en dringende gebid vir reën. Dis drukkend warm. Hierdie soort warm kry ons nie by die huis nie. Almal

het kerk klere aan. Langbroeke en langmou hemde. Ons sweet. Maar as die een lesing klaar is, is hulle binne 15 minute terug vir die volgende sessie. Hoofstuk sewe vul ons so met die Gees dat almal net wil oorfloei. Ons bid weer vir reën.

Hoofstuk 8: Ek is die Lig: Bly in My Woord – dit maak vry! So gepaste einde van twee wonderlike dae van lesings. Ek verduidelik dat om in die Woord te bly, is om soos in 'n magneetveld van die Jesus te bly. Ek wonder of hulle die magneet voorbeeld verstaan. Die volgende dag getuig Oscar in die kerk hoeveel daardie voorbeeld vir hom beteken het. Hy is 'n wetenskap onderwyser wat kinders van magneetvelde moet leer. Dankie Jesus...

Met die laaste groeps Bybelstudie oor vergifnis van Johannes 8 het ons weer al die ontdekkings Bybelstudie beginsels vasgemaak. Die jeug groep saam met Marno en Suné het ook weer saam gesels. Vriendskapsbande met die jeug word gesnoer van onskatbare waarde.

Die terugvoer was pas klaar toe die magtige stem van God in donderweer slaan en die riviere van lewende water op die kerk uitstort in oorverdowende reën. Die hele groep in die kerk het in spontane gebed God gedank en geprys.

"Ninotendu Jesu, Dankie Jesus, Thank you Jesus..."

